Date : November, 24 , 2009 Publication : Beeld - Bylae 2 Page Number : 14

Deel van

DIE OPLOSSING

Tracker se opsporingsoplossing werk baie nou saam met versekeringsmaatskappye om versekeraars, sowel as verbruikers te help om hul voertuie teen diefstal en kapings te beskerm.

"Ons het die afgelope 13 jaar daartoe bygedra dat die versekeringsbedryf miljarde gespaar het deurdat ons sowat 46 585 gesteelde voertuie teruggekry het. Dit het ook daartoe bygedra dat versekeringsmaatskappye hul premies laer kon hou, wat gelei het tot besparings vir kliënte van verskeringsmaatskappye," sê Michael Nieuwoudt, Verkoopsdirekteur van Tracker.

Hy sê motoreienaars besef ook nie altyd dat hulle steeds 'n finansiële verlies gaan ly nie, al is hul voertuie verseker. Dit is daarom altyd voordeliger om die voertuig terug te kry.

"'n Motor verloor waarde elke jaar wat hy ouer word en die bedrag wat die versekering uitbetaal as 'n voertuig gesteel word, is in die meeste gevalle nie genoeg om die voertuig met dieselfde nuwe model te vervang nie," sê hy.

"Omdat Tracker se stelsel so effektief is, geniet ons baie goeie samewerking met versekeringsmaatskappye en motoreienaars wat 'n Tracker-stelsel in hul voertuie installeer, kry afslag op hul versekeringspremies. Die meeste versekeringsmaatskappye vereis ook nie 'n bybetaling in die geval van diefstal van 'n motor wat met 'n Tracker-stelsel toegerus is nie, wat die finansiële las op die motoreienaar wie se motor gesteel word aansienlik verlig.

"Baie versekeringsmaatskappye hef ook sommer jou maandelikse Tracker-premie saam met jou versekeringspremie, wat dit baie gerieflik maak vir die kliënt en ook 'n besparing op bankkoste meebring. Kliënte kwalifiseer ook vir 'n spesiale

Mnr. Michael Nieuwoudt, verkoopsdirekteur van Tracker

subskripsie afslag indien hulle hul Tracker-stelsel deur een van ons versekeringsvennote koop," sê hy. Baie versekeraars bied ook deesdae betaal-soos-jy bestuur-pakkette (pay as you drive) en in sulke gevalle word Tracker se produkte en tegnologie gebruik om die gedrag van bestuurders te monitor. Verantwoordelike bestuurders kan só kwalifiseer vir afslag op hul versekeringspremies – 'n revolusionêre konsep in die motorversekeringsbedryf.

"Om misdaad in SuidAfrika te beveg is elkeen van ons se verantwoordelikheid. Tracker werk elke dag baie hard om misdaad wat met motorvoertuie te doen het te beveg en só van Suid-Afrika 'n veiliger land te maak om in te woon. Hoe minder voertuie gesteel word, hoe minder versekeringseise hoef uitbetaal te word en hoe laer word versekeringspremies, so almal wen.

"Die meeste versekeringsmaatskappye evalueer elke jaar hul kliënte se versekeringspremies. In gevalle waar 'n diefstaleis uitbetaal moes word, verloor die kliënt sy geen-eisbonus en sy premie sal ook verhoog omdat sy risiko-profiel verander het.

"Tracker betaal al die Tracker-subskripsies wat sy kliente betaal het terug op sommige van hul produkte wat deur hul versekerings vennote verkoop word, as 'n voertuig nie suksesvol opgespoor kon word nie. Dit is 'n bewys van hoeveel vertroue ons in ons produk het," sê hy.

Tracker het sy eie toegewyde radio-satellietnetwerk wat dit moontlik maak om voertuie enige plek in Suid-Afrika op te spoor.

"Ons het 37 van ons eie opsporings spanne insluitende SAPS met sowat 1 200 voertuie, 42 vliegtuie en 50 grensposte wat ons gebruik om gesteelde voertuie op te spoor. Dit is meer as enige ander opsporingsmaatskappy in Afrika.

"Tracker is veel meer as net 'n manier om gesteelde motors op te spoor. Dit is 'n manier om mense veiliger te laat voel en om die oorwerkte polisiediens te help om misdaad op 'n doeltreffende manier te beveg.

"Tracker help ook om die ekonomiese las van voertuigdiefstal op die Suid-Afrikaanse ekonomie te verlig en om kliënte van versekeringsmaatskappye te help om geld te spaar op verskeringspremies.

"Dit is ons doelwit om misdadigers wat voertuie steel en daardie voertuie gebruik om ander misdade te pleeg agter tralies te sien. Ons wil deel van die plossing wees deur iets te doen aan misdaad in plaas van om net daaroor te kla.

"Ons wil gesien word as 'n simbool van hoop in die geveg teen voertuigmisdaad in Suid-Afrika," sê hy.